



Encouraging children to read and write

What we believe our children can do and achieve, influences what they see as possible for themselves. When you believe that your children will succeed at reading and writing, and you let them know this, you help them to see that this goal is within their reach.

How we respond to our children's attempts to read and write will either encourage or discourage them. Giving them positive feedback as they try, will help to motivate them to keep at it – and the more they do it, the better they get at it!


Here are some examples of what you can say and do to encourage your children as they learn to read and write.

- ☺ **Talk about learning.** Let your children know that they are still learning to read and write. What they can do at the moment is not supposed to sound or look like someone who has been doing it for a long time.
- ☺ **Acknowledge their efforts.** Respond positively to every effort your children make to read or write, no matter how small. For example, you could say, "I love hearing you try to read that all on your own!" Also comment on the pleasure your children feel when they have completed something they set out to do, for example, "I can tell you really enjoyed writing your party list!"

- ☺ **Be interested and proud.** Ask your children to tell and show you what they are reading and writing about. Remember to tell them that you value their attempts, whether or not they do something perfectly.
- ☺ **Offer support.** Support your children's attempts to work on their own, without jumping in to correct every mistake they make. Rather, let them focus on understanding as they read and on communicating a message in their writing. Remember that correct spelling and punctuation come in time as a child reads and writes more and more.

- ☺ **Be a role model.** Children learn more from watching what we do than from what we tell them to do! Let them see you reading for pleasure and using writing in your daily life, for example, writing a to-do list, sending an email or recording an appointment in your diary. When our children see us reading and writing regularly, it encourages them to incorporate reading and writing into their lives too.

What you say and do matters! When you read and write with your children and respond positively and with real interest to their attempts, you are building the foundations for their success as readers and writers.



Moedig kinders aan om te lees en te skryf

Dit wat ons glo ons kinders kan doen en bereik, het 'n invloed op wat hulle self dink hulle kan doen en bereik. Wanneer jy glo dat jou kinders sukses sal behaal met lees en skryf, en jy dit vir hulle sê, help jy hulle om te sien dat hierdie doel binne hul bereik is.

Hoe ons op ons kinders se pogings om te lees en skryf reageer, sal hulle aanmoedig of ontmoedig. As ons vir hulle positiewe terugvoering gee wanneer hulle probeer, sal dit hulle motiveer om te volhard – en hoe meer hulle dit doen, hoe beter raak hulle daarmee!

Hier volg voorbeelde van wat jy kan sê en doen om jou kinders aan te moedig terwyl hulle leer lees en skryf.

- ☺ **Praat oor leer.** Laat jou kinders weet dat hulle nog besig is om te leer lees en skryf. Wat hulle op hierdie tydstip kan doen, is nie veronderstel om te lyk soos iemand wat dit al vir 'n lang tyd doen nie.
- ☺ **Gee erkenning vir hulle pogings.** Reageer positief op elke poging wat jou kinders aanwend om te lees of te skryf, ongeag hoe klein. Jy kan byvoorbeeld sê: "Ek hou baie daarvan om te hoor hoe jy probeer om alles op jou eie te lees!" Lewer ook kommentaar op die genot wat jou kinders ervaar wanneer hulle voel hulle het iets voltooi wat hulle beplan het om te doen, byvoorbeeld: "Ek kan sien jy het dit regtig geniet om die lysie vir jou partytjie neer te skryf!"
- ☺ **Stel belang en wees trots.** Vra jou kinders om vir jou te vertel en te wys wat hulle lees en waaroor hulle skryf. Onthou om vir hulle te vertel dat jy hulle pogings waardeer, of hulle dit nou perfek doen of nie.

- ☺ **Gee ondersteuning.** Ondersteun jou kinders se pogings om op hulle eie te werk, sonder om in te spring en elke fout wat hulle begaan, reg te maak. Laat hulle eerder daarop fokus om te verstaan terwyl hulle lees, en om 'n boodskap met hul skryfwerk oor te dra. Onthou dat korrekte spelling en puntuasie met tyd kom namate 'n kind meer en meer lees en skryf.

- ☺ **Wees 'n rolmodel.** Kinders leer meer deur te kyk na wat ons doen, as wat hulle leer wanneer ons vir hulle sê wat om te doen! Laat hulle jou sien lees vir genot en sien hoe jy elke dag skryf, byvoorbeeld 'n doenlysie maak, 'n e-pos stuur of 'n afspraak in jou dagboek aanteken. Wanneer ons kinders ons gereeld sien lees en skryf, moedig dit hulle aan om lees en skryf ook deel van hul lewens te maak.

Wat jy sê en doen maak saak! Wanneer jy saam met jou kinders lees en skryf, en positief en met werklike belangstelling op hulle pogings reageer, bou jy die fondament vir hulle sukses as lesers en skrywers.



Drive your
imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.



Nal'ibali news

The Astrid Lindgren Memorial Award (ALMA) is the world's largest award for children's and young adult literature. It recognises "authors, illustrators, oral storytellers and promoters of reading" whose "work is of the highest quality".

The award was founded by the Swedish government in 2002. It aims to increase interest in children's and young people's literature, and to promote children's rights to culture on a global scale. Every year, an expert jury selects the winner from candidates nominated by institutions and organisations all over the world.

Nal'ibali is proud to announce that on 31 March 2015, PRAESA (Project for the Study of Alternative Education in South Africa), which drives our campaign, was chosen from amongst 197 candidates from 61 countries as the winner of the 2015 ALMA!

Based in Cape Town, PRAESA, is an organisation that has worked to promote reading and literature for children and young people in South Africa since 1992. Here is part of what the ALMA jury had to say about PRAESA: "With the joy of reading as its compass point, PRAESA opens new routes into the world of books and literature for young readers in South Africa. Through innovative reading and storytelling projects, PRAESA brings people together and brings literature in multiple languages alive. PRAESA's outstanding work shows the world the crucial role of books and stories in creating rich, full lives for our children and young people."

In May, Carole Bloch, Ntombizanele Mahobe and Malusi Ntoyapi from PRAESA/Nal'ibali travelled to Sweden as guests of ALMA to participate in their Award Week, which focused on the joy of books and storytelling. The Nal'ibali flag was held high as Carole, Ntombizanele and Malusi gave talks, visited schools and exhibitions – and officially received the award from the Swedish Minister for Culture and Democracy.

Nal'ibali-nuus

Die Astrid Lindgren-gedenktoekenning (ALMA) is die wêreld se grootste toekenning vir kinderliteratuur en literatuur vir jong volwassenes. Dit gee erkenning aan "skrywers, illustreerders, orale storievertellers en mense wat lees bevorder" en wie se "werk van die hoogste gehalte is".

Die toekenning is in 2002 deur die Sweedse regering ingestel. Die doel is om belangstelling in literatuur vir kinders en jong mense aan te wakker, en om kinders se regte op kultuur op 'n wêreldwye skaal te bevorder. Elke jaar kies 'n jurie van kundiges die wenner uit kandidate wat deur instellings en organisasies oor die hele wêreld heen genomineer is.

Nal'ibali is trots om aan te kondig dat PRAESA (Project for the Study of Alternative Education in South Africa), wat ons veldtog bestuur, op 31 Maart 2015 uit 197 kandidate van 61 lande as die wenner van die 2015 ALMA aangewys is!

PRAESA, wat in Kaapstad gebaseer is, is 'n organisasie wat hulle sedert 1992 daarvoor beywer om lees en literatuur vir kinders en jong mense in Suid-Afrika te bevorder. Dit is wat die ALMA-jurie oor PRAESA gesê het: "Met die vreugde van lees as hul kompasrigting maak PRAESA nuwe roetes oop in die wêreld van boeke en literatuur vir jong lesers in Suid-Afrika. Deur vernuwende lees- en storievertelprojekte bring PRAESA mense bymekaar, en laat hulle literatuur in talle tale lewendig word. PRAESA se uitmuntende werk wys vir die wêreld die noodsaaklike rol van boeke en stories om ryk, vol lewens vir ons kinders en jong mense te skep."

In Mei het Carole Bloch, Ntombizanele Mahobe en Malusi Ntoyapi van PRAESA/Nal'ibali as gaste van ALMA na Swede gereis om deel te neem aan hulle Toekenningsweek, wat op die vreugde van boeke en die vertel van stories gefokus het. Die Nal'ibali-vlag is hoog gehou terwyl Carole, Ntombizanele en Malusi praatjies gegee het, skole en uitstallings besoek het – en amptelik die toekenning van die Sweedse Minister vir Kultuur en Demokrasie ontvang het!



Stefan Tell/ALMA

Alice Bah Kuhnke, Swedish Minister for Culture and Democracy, presents the 2015 Astrid Lindgren Memorial Award to the PRAESA team at the Stockholm Concert Hall.

Alice Bah Kuhnke, Sweedse Minister vir Kultuur en Demokrasie, oorhandig die 2015 Astrid Lindgren-gedenktoekenning aan die PRAESA-span by die Stockholm-konsertsaal.

NAL'IBALI ON RADIO!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show: RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m. SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister: RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm. SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.



Drive your imagination

Here's what Carole, who is the director of PRAESA, said about the experience: "Receiving this award is a dream come true and a great honour. This will make an incredible difference to the reading work we do for children across South Africa, and even Africa. Having this award come to the African continent, gives great acknowledgement to the importance of growing a love of reading with all children, no matter what their language and background."

Dit is wat Carole, die direkteur van PRAESA, oor die ervaring gesê het: "Om hierdie toekenning te ontvang is 'n droom wat waar geword het, en 'n groot eer. Dit sal 'n ongelooflike verskil maak aan die werk aangaande lees wat ons vir kinders oral in Suid-Afrika en selfs in Afrika doen. Om hierdie toekenning na die vasteland van Afrika te bring, gee groot erkenning aan hoe belangrik dit is om 'n liefde vir lees by alle kinders te kweek, ongeag hulle taal en agtergrond."

Carole Bloch, Ntombizanele Mahobe and Malusi Ntoyapi from PRAESA at a public talk with one of the ALMA jury members. People in Sweden were keen to find out about the work of Africa's first ALMA winner and the PRAESA team did lots of interviews and talks while they were in Sweden!

Carole Bloch, Ntombizanele Mahobe en Malusi Ntoyapi van PRAESA by 'n openbare gesprek saam met een van die ALMA-jurielede. Mense in Swede was gretig om meer uit te vind oor die werk van Afrika se eerste ALMA-wenner, en die PRAESA-span het baie onderhoude toegestaan en praatjies gelewer terwyl hulle in Swede was!

Stefan Tell/ALMA



The Nal'ibali bookshelf



The ALMA award was named after Astrid Lindgren to honour one of the greatest authors of literature for children. She was born in Sweden in 1907 and died there at the age of 94!

Astrid Lindgren was the author of the famous *Pippi Longstocking* series of children's books. The main character in these books is Pippi, a nine-year-old girl who lives alone with her horse and her monkey ever since her father, who was a sea captain, went missing. Pippi is very strong, says what's on her mind and does some crazy things which often land her in trouble!

Astrid Lindgren first told the Pippi stories to her seven-year-old daughter while she was sick at home for quite a long time. Then she wrote them down in Swedish and the first one was published in 1945. Today the stories have been translated into 64 languages and are available all around the world. Of our South African languages, the books are only available in English although some titles are available in Afrikaans.

But Astrid Lindgren was not only an author. She was also a human rights activist and a feminist. During her lifetime she was constantly standing up for those with a weak, or no voice of their own. She was also a great defender of civil rights, democracy and every child's right to be a child.

The Pippi Longstocking books/ Die Pippie Langkous-boeke

Pippi Longstocking/Pippie Langkous


Pippi goes aboard/Pippie gaan aan boord

Pippi in the South Seas/Pippie in die Suidsee (verskyn in 2016)

Pippi goes to school

Pippi goes to the circus

Pippi fixes everything



Die Nal'ibali-boekrak

Die ALMA-toekenning is vernoem na Astrid Lindgren, om een van die vernaamste skrywers van kinderliteratuur te huldig. Sy is in 1907 in Swede gebore en is op 94-jarige ouderdom oorlede!

Astrid Lindgren is die skrywer van die beroemde reeks kinderboeke, *Pippie Langkous*. Die hoofkarakter in hierdie boeke is Pippie, 'n negejarige dogtertjie wat alleen saam met haar perd en haar apie woon sedert haar pa, wat 'n seekaptein was, vermis geraak het. Pippie is baie sterk, sê wat sy dink en doen soms gekke dinge wat haar dikwels in die moeilikheid laat beland!

Astrid Lindgren het die Pippie-stories die eerste keer aan haar sewejarige dogtertjie vertel toe sy vir 'n taamlike lang tyd siek by die huis was. Toe het sy hulle in Sweeds neergeskryf en die eerste een is in 1945 gepubliseer. Vandag is die stories in 64 tale vertaal en is oral in die wêreld beskikbaar. In ons Suid-Afrikaanse tale is haar boeke slegs in Engels beskikbaar, maar van die titels is ook in Afrikaans beskikbaar.

Maar Astrid Lindgren was nie net 'n skrywer nie. Sy was ook 'n menseregte-aktivis en 'n feminis. In haar leeftyd het sy voortdurend opgestaan vir dié met 'n swak stem of geen stem van hul eie nie. Sy was ook 'n groot kampvegter vir burgerregte, demokrasie en elke kind se reg om 'n kind te wees.



Get story active!

Here are some ideas for using the stories in this supplement. Choose the ones that best suit your children's ages and interests.

The long trousers

Children of all ages will enjoy this story! It's a fun story about Gaps, the Nguni calf, whose trousers are too long ... until lots of family members shorten them for him!

- ★ As you read the story to your children, draw their attention to the details in the pictures, like all the different kinds of flowers on page 5, and what the DJ is doing on pages 14 and 15. Talk about what the characters are doing and wearing on different pages in the story.
- ★ Suggest that your children use paper, scissors and crayons to create the "cool, new trousers" that Gaps gets on page 4 of the story. Let them use the trousers as they retell the story – they might even want to cut the trousers in the part of the story where Gaps's family members shorten his trousers for him.
- ★ Encourage your children to design a wedding invitation for Gaps's sister and her husband-to-be!



Journey

"Journey" is a story from a collection of stories written by a group of children whose families have come to South Africa from other African countries. It is the story of how they got here, why they came and how their experiences make them feel. You can use the story with children aged six years and older to talk about xenophobia.

- ★ If possible, look at a map of Africa with your children and find the places mentioned in the story: Rwanda, Burundi, Democratic Republic of Congo and KwaZulu-Natal in South Africa. Draw their attention to how this is a long way to travel by bus, train and on foot.
- ★ With your children, discuss these questions.
 - ☉ Do you think the children enjoyed their life in Rwanda before the war started?
 - ☉ Why do you think they left?
 - ☉ How would you feel if soldiers were fighting in the area where you live?
 - ☉ In what way(s) is the child in the story similar to you?
 - ☉ What have you learnt from this story?
- ★ Look at the picture on page 15 with your children. Suggest that they do drawings of their own that have the words "One world. One love. One family." in them.



Thoko's special soup

This story takes place on a cold and rainy day. Thoko decides to make some soup with a special ingredient for her mother who has had to go out. Enjoy reading the story aloud or retelling it.

- ★ With your children, write the recipe for the soup that Thoko and her granny made – but leave out the chocolate! Use this recipe – or your own one – to make a pot of soup together.
- ★ Re-read the paragraph about how Thoko started to cry. Can your children suggest why Thoko might have felt like crying? How would your children have felt if they were Thoko?



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar idees oor hoe om die stories in hierdie bylae te gebruik. Kies dié wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.



Die langbroek

Kinders van alle ouderdomme sal hierdie storie geniet! Dit is 'n prettige storie oor Noenie, die Ngunikalfie, wie se langbroek te lank is ... totdat baie familieleden dit vir hom korter maak!

- ★ Terwyl jy die storie vir jou kinders lees, vestig hulle aandag op die besonderhede in die illustrasies, soos al die verskillende soorte blomme op bladsy 5, en wat die platejoggie op bladsye 14 en 15 doen. Praat oor wat die karakters op verskillende bladsye in die storie doen en die kleres wat hulle dra.
- ★ Stel voor dat jou kinders papier, 'n skêr en kryte gebruik om "die broek so uit 'n modeboek" wat Noenie op bladsy 4 van die storie kry, te maak. Laat hulle die langbroek gebruik wanneer hulle die storie oortel – hulle sal dalk selfs die langbroek wil korter knip in die deel van die storie waar Noenie se familieleden sy broek vir hom korter maak.
- ★ Moedig jou kinders aan om 'n uitnodiging te ontwerp na Noenie se suster en haar aanstaande man se troue!

Reis

"Reis" is 'n storie uit 'n versameling stories wat deur 'n groep kinders geskryf is wie se families uit ander Afrika-lande na Suid-Afrika gekom het. Dit is die storie van hoe hulle hier gekom het, waarom hulle gekom het en hoe hulle ervarings hulle laat voel. Jy kan die storie vir kinders van ses jaar en ouer gebruik om oor xenofobie te praat.

- ★ Indien moontlik, kyk na 'n kaart van Afrika saam met jou kinders en vind die plekke wat in die storie genoem word: Rwanda, Burundi, Demokratiese Republiek van die Kongo en KwaZulu-Natal in Suid-Afrika. Vestig hulle aandag op hoe 'n ver pad dit is om per bus, trein en te voet te reis.
- ★ Bespreek die volgende vrae saam met jou kinders.
 - ☉ Dink julle die kinders het hulle lewe in Rwanda geniet voor die oorlog uitbreek het?
 - ☉ Waarom dink julle het hulle weggegaan?
 - ☉ Hoe sou julle voel as soldate veg in die gebied waar julle woon?
 - ☉ Op watter manier(e) is die kind in die storie soos jy?
 - ☉ Wat het jy uit hierdie storie geleer?
- ★ Kyk na die illustrasie op bladsy 15 saam met jou leerders. Stel voor dat hulle hul eie tekening maak met die woorde: "Een wêreld. Een liefde. Een familie" daarin.

Thoko se spesiale sop

Hierdie storie speel af op 'n koue, reënerige dag. Thoko besluit om sop met 'n spesiale bestanddeel vir haar ma, wat moes uitgaan, te maak. Geniet dit om die storie hardop te lees of oor te vertel.

- ★ Skryf saam met jou kinders die resepte neer vir die sop wat Thoko en haar oma gemaak het – maar laat die sjokolade uit! Gebruik hierdie resepte – of jou eie resepte – om saam 'n pot sop te maak.
- ★ Lees weer die paragraaf oor hoe Thoko begin huil het. Kan jou kinders sê waarom Thoko gevoel het asof sy wil huil? Hoe sou hulle gevoel het as hulle Thoko was?

Create two cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. Separate pages 5, 6, 11 and 12 from pages 7, 8, 9 and 10.
3. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again.
 - c) Cut along the red dotted lines.

Maak twee knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Skei bladsye 5, 6, 11 en 12 van bladsye 7, 8, 9 en 10.
3. Volg die aanwysings hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte.
 - c) Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination

Ouma Ngunikoi skuifol volgende die kombuis binne. “Ai, ai, ai. Ek het nooit my arme kleinseunkalf se langbroek korter gemaak nie,” se sy. “Laat ek dit nou eers gou doen.” En ouma maak die langbroek korter.



Then Gogo Nguni
Cow shuffled
into the kitchen.
“Ah, ah, ah. I
didn’t shorten
my grandcalf’s
trousers. Let me do
it quickly,” she said.
So she shortened
the trousers.

Op die dag van die troue staan die hele
familie dou voor dag op om betyds
gereg te maak. Mama Ngunikoi
is eerste in die kombuis. Daar lê
Noenie se langbroek nog.
“Ag sies tog, my arme klein
kalfie,” se sy, “ek het
skoon vergeet van sy
langbroek!” Sy maak
die broekspyppe vinnig
korter en loop weer uit
die kombuis uit.

On the wedding day, the family got up very early to get
ready. Mama Nguni Cow came into the kitchen. She
saw Gaps’ trousers.
“Ah shame, my poor calf. I forgot all about his
trousers,” she said. She quickly shortened the trousers,
and left the kitchen.



The long trousers Die langbroek




We publish what we like

This is an adapted version of *The long trousers*, published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in English, isiZulu, isiXhosa, Afrikaans, Siswati, Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda and Ndebele. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Die langbroek*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is ook beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels, Siswati, Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda en isiNdebele. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (South African rights only) Tel: 011 628 3200

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi

Maryanne Bester
Shayle Bester



Drive your
imagination



Inteendeel, hy voel so vars en koel soos 'n lentebriesie!

Dis danstyd! Die kudde Ngunibeeste skop hulle hoewe HOOG in die lug op van pure pret. En raai wie se hoefies skop die heel, HEEL hoogste?


Next, Auntie Nguni Cow came into the kitchen. She felt sorry for Gaps, so she also shortened the trousers.

Die volgende een wat die kombuis binnekom, is tannie Ngunikoei. Sy kry Noenie so jammer dat sy ook die broekspype korter maak.



After Auntie had left the kitchen, Sister Nguni Cow came to eat breakfast. "Tch, tch, I didn't shorten my brother's trousers," she said. And what do you think happened next? Gaps's trousers were shortened AGAIN!

Tannie Ngunikoei is klaar weer by die kombuis uit, toe sussie Ngunikoei daar aankom om ontbyt te eet. "Ts, ts, ts. Elk het nooit my kleinboet se langbroek korter gemaak nie," sê sy. En wat gebeur toe? Noenie se langbroek word NOG 'n keer korter gemaak!



And last, Gaps asked his sister. But she said, "Not now. I'm too busy having my dress fitted for the wedding." Poor Gaps! He would have to wear them just as they were – TOO LONG.

Die enigste een vir wie Noenie nou nog kan vra, is sy sussie. Maar ook sy sê: "Nie nou nie, Noenie, ek is besig om my trourok aan te pas."

Arme Noenie! Hy sal nou maar net sy broek moet dra soos dit is – TE LANK!



Oorloë het ons reis moeilik gemaak. Ons het van drie oorloë gevug – oorloë in Rwanda, Burundi en die Kongo. Ons het dooie mense in 'n veld sien lê, soos blare wat van 'n boom afgeval het.

Soms was mense vriendelik met ons, en het ons geen kos of water gehad nie. Soms soek na lewers waar ons kon stop. Soms oorlog. Ons het deur baie lande gereis op Dit was moeilik om weg te kom van die

It was hard to escape from the war. We travelled through many countries looking for somewhere to stop. Sometimes we had no food or water. Sometimes people were kind to us, sometimes they were not. Our journey was made more difficult by wars. We ran away from three wars – wars in Rwanda, Burundi and Congo. We saw dead people lying in a field, like leaves fallen from a tree.

They killed my grandfather. We heard a noise, and then my mother and father took me, and my brother and baby sister, and we ran.

Hulle het my oupa doodgemaak. Ons het 'n geluid gehoor, en toe het my ma en pa my, en my broer en my babassie gevat en ons het gehardloop.



PARLIAMENT
1994-1995

PARLIAMENTARY MILLENIUM PROGRAMME
www.pmps.gov.za

"Journey" comes from a collection of stories written by the children of South Africa, called *Every view counts: My story – Our stories*. This collection was originally published by the Parliamentary Millennium Programme and *Sunday Times* Readright.

Story compiled by Lesley Beake. Art direction by Hybrid.

Please note: Cover artwork (including spelling of countries) was supplied by the learners. Correct spelling: Dar-es-Salaam and Burundi.

"Reis" is deel van 'n versameling stories wat deur die kinders van Suid-Afrika geskryf is en *Every view counts: My story – Our stories* genoem word. Hierdie versameling is oorspronklik deur die Parlementêre Milleniumprogram en *Sunday Times* Readright gepubliseer.

Storie saamgestel deur Lesley Beake. Kuns onder leiding van Hybrid.

Let wel: Die kunswerk op die omslag (ook die spelling van die lande se name) is deur die leerders verskaf. Korrekte spelling: Dar es Salaam en Burundi.


Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination



Journey Reis


A story by the children of Addington
'n Storie deur die kinders van Addington

Marie-Jeanne, Jean Claude, Shalom, Priscilla, Tabita, Rehema, Idriss, Eden, Parfait, Maxwell, Christine, Bethell, Dumisani, Sarah, Marie-France




When the war started, people cried. Soldiers came and there was fighting and fear everywhere.

Toe die oorlog uitbreek, het mense gehuil. Soldate het gekom en daar was ord gevegte en vrees.



My journey began when I was born. It is still going on.


The beginning was in Rwanda, which is a country I have not seen for many years and which I may not see again. I cannot live there because my family was forced to leave by cruelty and war.



We came to South Africa by bus and trains, and sometimes we walked. We had such pain and problems. We did not really intend to come here, but we wanted to get as far away from the wars – and our money ran out.



Ek hoop die droom word waar. Ek hoop dat liefde eendag die wêreld sal vul.



11

Ons het per bus en trein na Suid-Afrika toe gekom, en soms het ons gestap. Ons het soveel pyn en probleme gehad. Ons het nie regtig beplan om hierheen te kom nie, maar ons wou so ver moontlik van die oorloë wegkom – en ons geld het opgeraak.

